# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 42

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die h[illegible] te kry. Dit kan gebeur met geweld of 'n sky[illegible] reg, soos deur die vervalsing van gewig[illegible]gtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld, deur w[illegible] of enige middel wat God verbied. Hy verbi[illegible] alle gierigheid en alle misbruik en verkwisti[illegible] sy gawes.



Vraag 111: [illegible] wat gebied God in [illegible]hierdie gebod?

[illegible] Ek moet die bela[illegible]an my naaste, [illegible]mag, bevorder [illegible] so behandel [illegible]del. Daarby [illegible]dat ek die

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?



Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal

1 Korintiërs 6:10: of diewe, geldgieriges, dronkaards, kwaadpraters of rowers, sal die koninkryk van God as erfdeel ontvang nie.

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?



Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal en roof

Levitikus 19:13: Jy mag nie jou naaste uitbuit en beroof nie. Jy mag nie die loon van 'n dagloner deur die nag by jou hou tot die oggend nie.

1 Korintiërs 5:10: Daarmee het ek beslis nie die hoereerders van hierdie wêreld bedoel nie, of die gierigaards en rowers of afgodedienaars nie, want dan sou julle uit die wêreld moes weggaan.

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?



Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry.

Lukas 3:14: Ook soldate het hom gevra: “En ons, wat moet ons doen?” Vir hulle het hy gesê: “Moenie geld van mense afpers nie, en moet hulle nie vals aankla nie, maar wees tevrede met julle lone.”

1 Tessalonisense 4:6: en dat hy nie sal oortree, en sy broer in dié saak bedrieg nie. Want, soos ons tevore vir julle gesê en nadruklik bevestig het: die Here vergeld al hierdie dinge.



Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry. Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere,

Deuteronomium 25:13-15: “Jy mag nie in jou sak verskillende gewigte, swares en ligtes, hê nie. Jy mag ook nie in jou huis verskillende efas, 'n groter en 'n kleiner een, hê nie. Die gewigte wat jy gebruik, moet eg en reg wees; die efa wat jy gebruik, moet ook eg en reg wees, sodat jy lank kan leef op die grond wat die HERE jou God vir jou gaan gee.

Spreuke 11:1: 'n Vals weegskaal is vir die HERE afstootlik, maar 'n egte gewig geniet sy goedkeuring.

Spreuke 16:11: 'n Skaal, 'n betroubare weegskaal, is van die HERE; al die gewigte in die sak is sy handewerk.

Esegiël 45:10-12: “ ‘ “Julle moet 'n onvervalste weegskaal, 'n onvervalste efa en 'n onvervalste bat hê. Die efa en die bat moet dieselfde inhoud hê: 'n Bat moet 'n tiende van 'n gomer hou, en 'n efa ook 'n tiende van 'n gomer. Die gomer moet die standaardmaat wees. 'n Sikkel moet twintig gera wees; en twintig sikkel, vyf-en-twintig sikkel en vyftien sikkel moet vir julle 'n mina wees.” ’ ”

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?



Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry. Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld, deur woeker

Psalm 15:5: Hy leen nie sy geld teen rente uit nie, en aanvaar nie 'n omkoopgeskenk ten koste van die onskuldiges nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nooit struikel nie.

Lukas 6:35: Nee, julle moet julle vyande liefhê, doen goeie dade, en leen uit sonder om iets terug te verwag. Dan sal julle 'n groot beloning ontvang en kinders van die Allerhoogste wees, omdat Hy self die ondankbares en slegtes goed behandel.

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?



Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry. Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld, deur woeker of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid

1 Korintiërs 6:10: of diewe, geldgieriges, dronkaards, kwaadpraters of rowers, sal die koninkryk van God as erfdeel ontvang nie.

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?



Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry. Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld, deur woeker of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid en alle misbruik en verkwisting van sy gawes.

Spreuke 21:20: 'n Kosbare skat en olie is in die tuiste van 'n wyse, maar 'n dwase mens verslind syne.

Spreuke 23:20-21: Moet jou nie met die wynvlieë ophou nie, met dié wat hulle aan vleis ooreet nie. Want 'n dronklap en 'n vraat sal verarm, en lomerigheid laat mens vodde dra.

Vraag 111: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?



Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel.

Matteus 7:12: “Alles wat julle dan wil hê die mense aan julle moet doen, doen ook julle net so aan hulle; want dit is die kern van die Wet en die Profete.”

Vraag 111: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?



Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel. Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help.

Efesiërs 4:28: Die een wat nog steel, moet nie meer steel nie; hy moet eerder werk deur met sy eie hande te doen wat goed is, sodat hy iets het om vir die behoeftige te gee.

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal en roof wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry. Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld, deur woeker of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid en alle misbruik en verkwisting van sy gawes.

Vraag 111: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel. Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help.

## SONDAG: 42 - VRAAG EN ANTWOORD: 110

Vraag: Wat verbied God in die agste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal[1] en roof[2] wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry[3]. Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere[4], geld, deur woeker[5] of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid[6] en alle misbruik en verkwisting van sy gawes[7].

1 1 Korintiërs 6:10
2 Levitikus 19:13; 1 Korintiërs 5:10
3 Lukas 3:14; 1 Tessalonisense 4:6
4 Deuteronomium 25:13-15; Spreuke 11:1; Spreuke 16:11; Esegiël 45:9-10
5 Psalm 15:5; Lukas 6:35
6 1 Korintiërs 6:10
7 Spreuke 21:20; Spreuke 23:20-21

## SONDAG: 42 - VRAAG EN ANTWOORD: 111

Vraag: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel[1]. Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help[2]

1 Matteus 7:12
2 Efesiërs 4:28